*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 7 Junie 2026**

**Laat ons wees wie ons is: Een, heilige, algemene Christelike Kerk**

*"Eljasib, die hoëpriester en sy ampsgenote, die priesters, het gereedgemaak en die Skaappoort herbou. Hulle het dit self geheilig en die poortdeure ingesit. Tot by die Toring van die Honderd het hulle dit geheilig, ook tot by die Toring van Gananel. Langs hulle het die manne van Jerigo gebou. Langs hulle het Sakkur, seun van Imri, gebou."*
(Nehemia 3:1-2)

*"Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar… En almal is vervul met die Heilige Gees…"*
(Handelinge 2:1,4)

Nehemia (en Esra) het op 'n baie spesifieke tyd in die geskiedenis van God se volk opgetree. In 587 v.C. het die Babiloniërs Jerusalem ingeneem, die stad geplunder, sy mure plat-geslaan en baie mense het gesterf. Die tempel is ook afgebreek en die tempeltoerusting is buitgemaak. Baie van die belangrikste mense van die land is in ballingskap weggevoer. Die pilare van die Judeërs se gemeenskap — die tempel, die stad en die Dawidiese koningskap — is onder hulle uitgeruk. Hulle het alles verloor…

In 539 v.C. het die Mede-Persiese leër Babel ingeneem en die nuwe wêreldheerser geword. Hulle het 'n ander staatsbestel ingestel wat voorsiening gemaak het dat die volke wat deur die Babiloniërs in ballingskap weggevoer is, na hul onderskeie lande kon terugkeer. Dit was in hierdie tyd dat Nehemia na Jerusalem teruggekeer het om die stad se muur te herbou. Die herbou van die muur sou 'n platgeslane volk, wat pas uit ballingskap teruggekeer het en deur die harde realiteit van die lewe gekonfronteer is, opgebou en bemoedig het.

Wanneer ons hierdie Ou-Testamentiese tekste lees, doen ons dit deur die bril van Christus se kruisiging en opstanding. Daarom word die verhale vir ons heenwysers na Christus en sy kerk. Nehemia 3 wys vooruit na 'n dag waar almal profete, priesters en konings sal wees; 'n dag waar almal met die Heilige Gees gevul sal wees. 'n Dag waar almal as heiliges gesien sal word, as bedienaars van die Woord. 'n Dag waar almal saam aan't bou sal wees. Waar die bemoediging en opbou van God se volk, die werk van al God se mense sal wees. 'n Dag waar almal sal saamwerk soos een, skouer aan skouer, saamgebind deur een en dieselfde Gees as een, heilige, algemene Christelike Kerk.

Dáárdie dag, hét aangebreek…

**Ds. Janke Hurter.**

Hartlik welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend, gelei deur ds. Janke Hurter en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Hartlike welkom aan die Cantando-koor.
Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

**Liturgie: Sondag, 7 Junie 2026**

**Kloklui en verwelkoming**

**Aansteek van wydingskers…**

| | |
|---|---|
| **Wydingslied:** | “Heilig, heilig, heilg” – Cantando koor |
| **Votum:** | Nehemia 9:5 |
| **Seëngroet** | |
| **Loflied:** | “Op vaste fondamente” Lied 478:1, 2 en 4 |
| **Oproep tot verootmoediging:** | Matteus 22:37-40 |

**Oomblik vir verootmoediging en stilgebed…**

**Kindermoment en genadeverkondiging…**

| | |
|---|---|
| **Danklied:** | “Praat ek mense-, eng’letale” Lied 530:1 en 2 |
| **Epiklesegebed** | |
| **Skriflesing:** | Nehemia 3:1-4 |
| **Woordverkondiging:** | “Laat ons wees wie ons is:<br>Een, heilige, algemene Christelike Kerk” |
| **Reaksie op Woordverkondiging:** | Apostoliese geloofsbelydenis |
| **Gebed:** | “Die Onse Vader” – Cantando koor |
| **Dankoffers** | |
| **Slotlied:** | “God roep ons om met woord en daad” Lied 524:1, 2, 3 |

**Seenbede en Amen.**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 7 Junie | 09:30 – Ds. Janke Hurter (gesamentlik).<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Geen aanddiens; opening van Sinode Vrystaat in Bothaville. |
| Sondag, 14 Junie | 09:30 – Ds. Jaco Thom.<br>Geen Gesins-, Sotho- of Aanddiens (langnaweek). |
| Sondag, 21 Junie | 09:30 – Ds. Johan Marais (Nagmaal).<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: Diens van Woord, stilte en gebed (Taizé). |

Ons Kategese vir die tweede kwartaal sluit vanoggend af;
ons hervat weer op Sondag, 26 Julie 2026.

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 07 Junie | Caden Vance. |
| 08 Junie | Lalie en Ulie Grobbelaar, Ulie Grobbelaar, Riaan Kymdell, Bart Laubscher en Joubert Zietsman. |
| 09 Junie | Hester de Wit; Renette Griessel en Lizet Swanepoel. |
| 10 Junie | Grace de Goede; Thys du Plessis; Jacqueline Hechter; Emiel Jonker en Lelanie Meyer. |
| 11 Junie | Margie Herbst; Morkel Steyn en Daniël Wium. |
| 12 Junie | Norlé Jerling. |
| 13 Junie | Paul Fouché en Janet Kleynhans. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Oom Mornay Pretorius (Waverleyweg 120, wyk 20a); Oom Joos Hefer (Sewe Damme 39, wyk 8b); Gert Olivier (Sewe Damme 25, wyk 8b); Tannie Sheila Prinsloo (Serenitas 160, wyk 15); Hanchen Korff (Sewe Damme 34, wyk 8b); Kathy Jansen (Siësta, wyk 10); Louis Kruger (Plaas Strydfontein, wyk 13); Marina Voges (Edelrood 5, Kiepersol, wyk 16); Petro Coetzer (Noorderbloem, wyk 17); Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a); en Elsabe Jansen van Rensburg (Santé 202, wyk 18b). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe – in besonder die Le Roux & Swanepoel-families met Bertus se siekbed.

Ons innige meegevoel aan Frances Wessels (Hillandale), met die heengaan van Oom Kowie (96) afgelope Donderdagaand; sy gedenkdiens is waarskynlik Saterdag, 20 Junie. Ons bid vir die familie, en vriendekring – ons gemeente was geseënd met hom hier.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052), wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep – nie hierdie week, vanweë die Sinode.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep – nie hierdie week, vanweë die Sinode.

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

In **Mei** was **Wyke 13**, **14** en **15** aan diens vir Sondae se tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter – ons hartlike dank aan hulle! **Junie** is **Wyke 16** (**Kiepersol**) en **17** (**Noorderbloem**) se beurt. Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

Die **55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat** open vanmiddag by Nampo, Bothaville. Ds. Jan Lubbe lei vanaand die openingserediens in Bothaville Moedergemeente, en die Sinode duur tot Woensdagmiddag, 10 Junie 2026. Ons gemeente se verteenwoordigers is di Jan Lubbe en Janke Hurter, en oudle. Ellen-Anne en Marius Swart, Jaco van Niekerk en Jacques Potgieter. Ons bid hul ‘n veilige reis toe, baie wysheid en ‘n geseënde Sinode. Vir meer besonderhede, kliek op hierdie skakels na die *Kerkbode* en *VRYPOS*:

https://www.ngkerkvrystaat.co.za/vyf-leiers-vyf-stories-n-pad-van-genade-en-diens/

https://kerkbode.christians.co.za/2026/06/05/sinode-in-die-vrystaat-ons-eenheid-is-broos-ja-maar-daar-is-n-diepe-hunkering-na-vrede-en-na-mekaar-lubbe/

Jou jongste uitgawe van die ***Kerkbode*** wag op die tafel in die voorportaal van die kerk!

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Kermis 2026: 18 September 2026**
Berg-en-Dal se 70 jaar-vieringe bereik ‘n hoogtepunt in September – dagboek die datum!

**NG Kerk Vrouebediening Retreat-naweek:**
Die NG Kerk Vrouebediening bied van **7–9 Augustus 2026** 'n retreat by **Menuha** anderkant Glen op pad na Brandfort aan. Vir meer inligting, kontak Marietjie v/d Merwe (076 113 9601).

**JEUGBEDIENING:**
**Belydeniskamp** vind van **18–20 Julie** by Menuha plaas. Ons vra dat inskrywingsvorms so spoedig moontlik ingehandig word...

**Tieners:** Ouers hou jul fone dop – ons gaan ‘n uitnodiging rig om via die BnD Kommunikeer-groep in te skakel en besonderhede van ons jeugaktiwiteite & groepe daar deel, spesifiek vir katkisante Grade 7 tot 11.

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEIDSBEDIENING**
**Gemeentemark:** Baie dankie aan almal – ons het verlede Vrydag R 5 390 ingesamel!

**Gasvryheid nodig:** Gemeente George Bergsig (van ds Rudolph en Sanet Grobler) – ons kort nog hulp met die aandete, Vrydag, 26 Junie vir 50 lidmate; kontak 073 180 3193...

**Torings van Hoop: Projek “WinterHoop 2026”** vir behoeftige mense in ons stad (nie-bederfbare kos en toiletware) loop deur Junie; bring gerus bydraes na die Kerkkantoor.

### EREDIENSKOLLEKTE: ‘n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op ‘n Sondagoggend en -aand, is ‘n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee ‘n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 7 Junie: **TOIBO (vir Gesiggestremdes).** U kan ‘n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**

**Mei is Spesiale Dankoffermaand**! Ons het R 400 500 bereik, met nog ‘n ent om te gaan, tot so middel Junie. Baie dankie reeds sover…